

DENK RIGTINGS

Deel 2 – Spore en Vore

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Vertel jou groep van 'n snaakse of interessante gewoonte wat jy het wat niemand dalk van weet nie. Waar het dit begin? Hoekom doen jy dit? Hoekom het ander mense gedink dit is snaaks, vreemd of interessant?

Wat in die preek het vir jou uitgestaan of stem jy nie mee saam nie? Verduidelik jou antwoord.

Kan jy al laas week se memoriseervers opsê? Skryf hom hier neer.

Is daar slegte gewoontes in jou lewe wat jy al probeer verander het? Of nuwejaarsvoornemens wat jy gemaak het? Was jy suksesvol daarin? Hoekom of hoekom nie?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

2 Timoteus 3:16-17. Watter van hierdie vier dinge, in vers 16 waarmee die woord ons kan help, staan vir jou uit? Verduidelik.

Hebreërs 4:12, Psalm 119:105 en Jeremia 23:29. Hoekom dink jy is dit belangrik om te weet wat die waarde van die woord vir ons is?

Psalm 119:15-16, 18. Watter dissiplines volg jy om God se beginsels en se woord te onthou? Hoekom dink jy is dit belangrik om God se waarhede te onthou?

Psalm 119:43. Ons almal ontvang inligting en idees van verskillende plekke en bronne. Hoe weerhou jy jouself van wat onwaar is? Hoe beskerm jy jou gedagtes van verkeerde invloede?

Galasiërs 6:9. In watter area van jou lewe het jy nodig om meer waarheid te saai? Verduidelik.

Na aanleiding van Sondag se preek, kon jy al sekere spore identifiseer in jou lewe? Is daar sekere waarhede in God se woord wat jou daarmee kan help? Of kan jou Kleingroep jou help om sekere waarhede te identifiseer? Skryf dit hier neer.

Is daar 'n verklaring waaraan jy al begin werk het? Hoe kan jou groep jou help herinner daaraan? Hoe kan julle mekaar help om sekere nuwe verklarings te ontwikkel om vore van waarheid in julle gedagtes te bou?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.
